

# Egte Gesprek



'n Raamwerk vir etiese  
onderskeiding in gemeentes

Oktober 2019

Gee asb terugvoer aan Algemene Taakspan Leer-  
en Aktuele Sake (ATLAS) teen 31 Maart 2020.





Oktober 2019

*Beste vriende*

*Hierdie raamwerk vir etiese onderskeiding in gemeentes is nie 'n finale produk nie. Dit is die resultaat van 'n eerste rondte van navorsing en ontwerp deur ATLAS-lede en Bybel-Media.*

*Die gespreksgids is bedoel vir gebruik en beoordeling. Ons nooi graag alle sinodes van die NG Kerk om die materiaal in hulle sinodale gebiede te bespreek, te toets en vir ons terugvoer te gee.*

*Die gespreksgids word in 'n proses van heen-en-weer terugvoer ontwikkel. (Bylaag 1 verduidelik hoe hierdie proses verloop.)*

*Ons vertrou dat die uiteindelijke produk werklik sal help om sinvolle gesprekke te stimuleer in die soeke na helderheid en wysheid oor uitdagende etiese kwessies.*

*Die Samestellers*

*Algemene Sinode Taakspan vir Leer- en Aktuele Sake (ATLAS)*

BESKIKBAAR by Amanda van Niekerk, [toerusting@sun.ac.za](mailto:toerusting@sun.ac.za)

STUUR ASB KOMMENTAAR na ATLAS by die bogenoemde e-pos adres teen 31 Maart 2020.

*Wat het goed gewerk in die gespreksgids? Wat het nie gewerk nie?  
Wat kan anders geformuleer word? Hoe kan die gespreksgids  
verbeter word?*



# Inleidend

## Etiek

Christelike etiek het alles te make met 'n *lewenswyse*. Christene streef daarna om aan die goeie wil van God gehoorsaam te wees in ooreenstemming met die evangelie van Jesus Christus. God oorreed mense deur die Heilige Gees om op hulle lewensreis na hierdie goeie wil te soek. Die Gees oortuig, motiveer en bekragtig mense om dit elke dag in alle omstandighede prakties uit te leef.

Karl Barth noem die christelike etiek 'n "pelgrimsetiek". Mense is as pelgrims op reis na God se toekoms. Hulle het nog nie gearriveer nie; hulle is nog onderweg. Op hierdie reis kan hulle nie anders nie as om in die geloof praktiese keuses te maak. Hulle dade word tekens van hoe dit gaan wees in die ruimte van God se regering wanneer God alles in almal en vir almal gaan wees.

## Die wil van God?

Hoe weet ons wat die wil van God is? Die Algemene Sinode van 2011 het bevestig dat die totale boodskap van die Skrif 'n "sedelike kant met normatiewe betekenis" het. Al vind ons nie "voorskrifte oor elke moontlike moderne saak" nie, word ons tog wel op 'n ryke wyse "ingelig oor die wil van God vir ons hele lewe".

Die benadering waarvoor die Algemene Sinode gekies het, word soos volg opgesom:

*"Hoe ingewikkeld ons probleme ook al is - wanneer ons in gesprek met mekaar daaroor bly en bid dat ons liefde sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling om die dinge te onderskei waarop dit werklik aankom (Fil 1:9-10), sal ons in die lig van die Skrif die rigting kan peil waarin ons die oplossing moet soek."*

Die doel van hierdie gespreksraamwerk is om gelowiges te help om in die lig van die Woord, met begrip en fyn aanvoeling, met mekaar etiese gesprekke te voer. Deur luisterende, deurtastende en egte gesprekke kan gelowiges God se wil vir hulle optrede op hulle pelgrimstog onderskei. Deur indringend met mekaar te praat oor die

etiese uitdagings en vrae wat hulle op hulle lewensreis teëkom, kan hulle lewenswysheid vind.

Gesprekke van hierdie aard is nie maar alledaagse praatjies nie. Dit geskied met 'n bepaalde ingesteldheid; dit is afhanklik van gedeelde uitgangspunte en waardes oor gesprekvoering; dit volg 'n ritme van bepaalde vrae wat met mekaar saamhang en mekaar aanvul; dit soek perspektief.

Dit word ook nie in isolasie gevoer nie. Daar word altyd na ander geluister, ook na kundige mense uit ander velde as die teologie. Die 2011 sinode het juis beklemtoon dat ons in die geloofsgemeenskap moet luister na die insette van kundiges en wetenskaplik-geskooldes uit verskillende dissiplines, sodat dit presies duidelik kan wees waaroor 'n vraagstelling gaan.

Dit beteken dat ons nie oor etiese kwessies kan praat wanneer mense wat direk deur die spesifieke kwessies geraak word, afwesig is nie.

### **Vyf bewegings in gesprek oor die wil van God**

Die materiaal word gerangskik in 'n siklus van vyf bewegings wat mekaar opvolg en aanvul. Ons noem dit "vyf bewegings na wysheid" omdat die uitkoms van gesamentlike besinning oor etiese uitdagings praktiese lewenswysheid (*phronesis*) is.

Die vyf bewegings is

- ① van debat na dialoog
- ② van standpunt na perspektief
- ③ van kompromie na konsensus
- ④ van sekerheid na helderheid
- ⑤ van eiewysheid na wysheid

Elkeen van hierdie bewegings word bondig verduidelik:

- Wat is dit?
- Wat is dit nie?
- Wat hoor ons in die Bybel hieroor?
- Wat is die teologiese onderbou?

By elkeen van die bewegings word *praktiese voorstelle* gemaak vir die aanleer van nuwe gewoontes in etiese gesprekvoering.

## Bybel

By elke beweging word ook *drie vrae* voorgestel. Die vrae sluit aan by hoe ons die rol van die Bybel verstaan (Sien Bylaag 3).

○Die Woord is soos 'n spieël (die wet waarin ons onself sien soos ons is)

○Die Woord is soos 'n venster (die evangelie van God se genade)

○Die Woord is soos 'n deur (die roeping tot nuwe lewe in die koninkryk)

## Joernaal

By elke beweging is 'n spasio om joernaal te hou. Wanneer die vrae bespreek word, of na afloop van die gesprek, maak elke deelnemer persoonlike notas. Wat hoor ek? Hoe word ek geraak? Waaraan laat dit my dink?

## Geduld

Hou in gedagte dat ingewikkelde sake die potensiaal het om onbegrip, misverstand en verdeeldheid tussen geloofsgenote tot gevolg te hê. Daarom moet etiese onderskeidingsgesprekke omsigtig hanteer word.

In die vroeë kerk is dekades lank gepraat oor groot kwessies voordat formuleringe goedgekeur is. Ons moet geduldig wees met mekaar.



# ①

## Van debat na dialoog

### Wat is dialoog?

Dialoog gebeur tussen gespreksgenote wanneer hulle hulleself met 'n ontvanklike en luisterende gemoed oopstel vir mekaar. Daar verloop 'n aanhoudende heen-en-weer-beweging van vraag en antwoord tussen hulle. Meer partye as slegs twee mense of groepe kan in 'n betekenisvolle dialoog met mekaar tree. Elkeen van die deelnemers kry voldoende kans om sonder agendas of motiewe haar of sy uitgangspunte, vrae, sienings en menings met mekaar te deel en ook elke ander een s'n luisterend te ontvang. Dialoog is om eerlik en opreg te deel en luisterend te ontvang. In dialoog word baie meer gedoen as slegs om menings uit te spreek of inligting en feite deur te gee. Dialoog is die gespreksgebeure waardeur mense saam met mekaar deelneem aan die ontwikkeling van groter helderheid oor 'n saak. Dialoog verruim deelnemers se begrip vir mekaar se menswees. Dit bou egte verhoudinge. Dit verryk ook insig in die sake waarvoor besin word en die lewe in die geheel.

### Wat is dialoog nie?

Dialoog is nie 'n twisgesprek nie. Dialoog kom nie neer op 'n keuse tussen opponerende, geslote standpunte nie. Dialoog is nie debat nie. Tydens debat word probeer om ander se benadering, standpunt of posisie omtrent 'n saak te troef. Debat kom neer op teenoorstellende redevoering ter wille van die handhawing of afwysing van 'n bepaalde posisie wat vooraf ingeneem is. Debat is ingestel op 'n wen-verloor scenario. Dít is juis wat dialoog wil voorkom. Dialoog streef na 'n wen-wen scenario waarin groter begrip, meer ooreenstemming en verdiepte verhoudings tussen die deelnemende persone posvat.

### Wat leer ons oor dialoog in die Bybel?

Dialoog is volop in die Bybel en kom voor in verskillende vorme.

Reeds in die oerberig van Genesis 3 waartydens die Here God met die man en vrou kom gesprek voer na die sondeval, is daar tekens van



opregte vrae en antwoorde tussen hulle wat uitloop op insig in wat regtig aan die hand is tydens hierdie tragiese gebeure. Nog 'n voorbeeld van wisselwerkende dialoog vind ons in die berig oor die gesprek tussen Abram en Jahweh in Gen 18:17ev. Die historiese boeke van die Ou Testament bevat talle voorbeelde van dialoog. Een voorbeeld is die gebeure waartydens die profeet Natan met koning Dawid gesprek voer totdat die onafwendbare ontmaskering plaasvind. Ook in die boek van die Psalms is daar baie voorbeelde van egte gesprekke met indringende vrae en soms verbysterende antwoorde tussen die mense en die Here God wat hulle aanbid. Die profete-tekste getuig van dialogiese gesprek tussen Jahweh en sy volk oor die talle dimensies van die lewe in verbondenheid met Hom.

In die Nuwe Testament is die evangelies deurspek met dialoog en gesprek tussen Jesus en sy dissipels en ook die talle aanhoorders van sy boodskap en bediening. Die godsdiensteleiers van sy dag vra aanhoudend vrae oor Jesus se gesag, bedoeling en motivering en Hy antwoord en vra teenvrae ten einde insig en begrip te bewerk. Ook Johannes die doper word in dialoog betrek en probeer verhelderend antwoord op die vrae aan hom. Maar seker die mees beduidende voorkoms van indringende en uitklarende dialoog wat alreeds in talle van die Handeling berigte aangetref word, is die retoriese gesprekstyl van vrae en antwoorde in Paulus se tekste. In die Romeine-brief bereik dit 'n hoogtepunt, waarin telkens gevra en geantwoord word, al is daar nie direk ander partye in die dialoog teenwoordig nie, maar slegs die veronderstelde lesers in die gemeentes.

### **Teologiese opmerkings oor dialoog**


Ons leer die Lewende God wat deur ons aanbid word, ken as 'n sprekende God.

In die rykdom van sy heerlikheid en in groot liefde het God besluit om deur die gebruik van taal en woorde met mense om te gaan. Dat God die mens aanspreek en ook aanhoor wanneer die mens tot Hom roep of antwoord op sy roepstem, is die deurlopende onderbou van die ontmoeting tussen God en mens waaroor die Skrifte getuig.

Veral in die Gereformeerde teologie, waarin sterk klem gelê word op die openbaringsgebeure as 'n woordgebeure, word die aard van God se bekendstelling aan die mens en die mens se lewe voor die Aangesig van God herken as 'n ontmoeting deur taal heen.

Mens sou op 'n manier kon sê dat die beweging van debat na dialoog tussen God en mens en tussen mense onderling, deur en deur berus op verhoudingsteologie. Dialoog binne die ruimte van die geloof hang saam met die stigting en versterking van verhoudings.

Wanneer mense luisterend en openhartig met mekaar dialoog voer, in die wete dat God self deur die Gees teenwoordig is, kan inderwaarheid gepraat word van heilige gesprekke. Christelike dialoog is met ander woorde kwalitatief, inhoudelik, asook wat die verloop en gerigtheid daarvan betref, definitief anders as die gewone alledaagse gepraat wat op duisendvoudige maniere aanhoudend om en met ons plaasvind.



# Gesprek ①

## Van debat na dialoog

**A. Lees die volgende gesprekswaardes hardop saam in die groep:**

- Ons omhels elke bydrae.
- Ons beoordeel nie heeltyd elke bydrae nie. Geen idee is te mooi, te laf, te dom of te vreemd nie.
- Ons praat oop en waag dit om eerlik te wees.
- Ons hanteer ons negatiewe emosies. Hoe ons voel bepaal nie ons werklikheid nie.
- Ons is teenwoordig in die oomblik.
- Ons is bewus van wat ons waarneem.
- Ons speel waaghalsig en onbedreig.
- Ons wag op God.

**B. Plaas die volgende spelreëls iewers waar julle dit die hele tyd kan sien terwyl julle gesprek voer. Skryf dit byvoorbeeld groot op blaaibordvelle en plak dit teen die muur. Praat dit elke keer as julle bymekaar is deur.**

- Ek praat persoonlik...  
... en weerhou my van veralgemenings.
- Ek is eerlik en kwesbaar...  
... en weerhou my van 'little lies.'
- Ek luister diep...  
... en weerhou my daarvan om ander te genees, te bekeer of reg te maak.
- Ek bly in die oomblik...  
... en weerhou my daarvan om weg te skram van ongemak.
- Ek stel myself oop ...  
... en weerhou my van agendas.
- Ek wag geduldig op God...  
... en skryf nie voor hoe God ons moet ontmoet nie.

### C. Drie Woordvrae

*Die Woord is soos 'n SPIEËL waarin ons onself sien soos ons regtig is en wat ons skuld en ellende ontmasker.*

**Vraag een:** Hoe sal die gesprek oor hierdie kwessie verloop indien ons daarvoor praat as mense wat geskep is om in dialoog te gaan?

*Die Woord is soos 'n VENSTER waardeur ons iets van die hart van God kan raaksien. Deur die Woord skenk God uit liefde en genade vir ons die verlossing, vryheid en lewe. Ons kan dit nie self bewerk nie.*

**Vraag twee:** Watter aspek van Wie en hoe God is, beïnvloed hoe ons met mekaar praat oor hierdie kwessie?

*Die Woord is soos 'n DEUR wat oopgaan na 'n nuwe lewe. Die Woord bring ons in 'n nuwe verhouding met God. Die Woord moedig ons aan om ons roeping op te neem en medewerkers van God te word in die koms van sy koninkryk van vrede, vreugde en heelheid.*

**Vraag drie:** Watter kreatiewe moontlikhede maak die Gees vir ons hieroor oop?

### D. Tyd vir Gebed

Bring die dinge wat julle bespreek het in gebed voor die Here. God praat met ons en God luister na ons. Bid dat God ons verhoudinge sal seën. Bid dat die Gees ons lei tot helderheid en wysheid, waar ons so baie dinge nie duidelik weet nie en oor baie dinge nie heeltemal saamstem nie.

*Joernaal* 

## ②


# Van standpunt na perspektief

## Wat is 'n perspektief?

'n Perspektief is 'n waarneming vanuit 'n bepaalde gesigshoek. Die waarnemer meen hierdie siening is die volledige of ware weergawe van dit wat waargeneem word. Daarom is dit belangrik om in alle gesprekke tussen mense te onthou dat elke deelnemer vanuit 'n eie gesigspunt of perspektief dink.

Dit is moontlik om in 'n openhartige dialogiese gesprek bewus te bly van die onvolledigheid van ons eie perspektiewe, terwyl ons saam soek na 'n meer geldige perspektief. Sodra 'n mens die beperktheid van jou eie posisie aanvaar, asook die ander gespreksgenote se reg om 'n ander mening oor dieselfde saak te hê, word die speelveld vir dialoog gelyk. Dan word konstruktiewe gesprek moontlik. Luister na mekaar en leer van mekaar lei tot die verruiming van perspektief.

Om dit prakties te verduidelik: Wanneer ons 'n driedimensionele voorwerp vanuit twee verskillende hoeke, gesigspunte of perspektiewe (A en B) belig sodat die skaduwee op 'n plat oppervlak val, dan sien ons twee nie-ooreenstemmende, eintlik verskillende skadu-prente van dieselfde voorwerp. Van die een kant af gesien, gewaar ons 'n reghoek en van die ander kant af 'n sirkel. En almal weet 'n vierkant of 'n reghoek lyk nie soos 'n sirkel nie en dit is ook nie 'n sirkel nie en omgekeerd.



## Wat is perspektief nie?

'n Perspektief is nie 'n geslote gesigspunt, waarneming of absolute standpunt nie. Dit is nie die samevatting van 'n onverhandelbare siening of oortuiging nie. Die motivering vir etiese gesprekke mag nooit wees om te kom tot 'n absolute, algemeen-geldende standpunt wat 'n saak

vir goed afhandel nie. Die "werklike", groter prentjie is altyd buite beperkte mense se sig. Waarnemers trap daarom dikwels in die slagat van perspektivisme. Hulle val vas in die verabsoluttering van 'n eie, beperkte en eensydige perspektief. Dít verdeel mense. Hulle neem stelling in teenoor mekaar. Die resultaat is groot ongelukkigheid, veral binne die kerk waar ons juis opgeroep word om eensgesind in liefde te wees.

Om met die werklikheid van verskillende perspektiewe rekening te hou, beteken ook weer nie dat alles maar aanvaarbaar (en dus bloot relatief) is nie. Dit beteken wel dat jy konstruktief soek na 'n beter waarnemersposisie. Jy wil die saak 'n bietjie meer akkuraat beskryf en daarom probeer jy die verskillende perspektiewe met mekaar balanseer. Hulle is immers potensieel aanvullend en verrykend tot mekaar.

Walter Brueggemann, wat met omsigtigheid en insig die getuienisse van die Ou Testament ondersoek en dit op talle vlakke in die Christelike gesprek laat grondvat, verklaar:

*"I find it helpful to attend to the practice of perspective... that is, the world is perceived, processed, and articulated with one or another perspective, and a perspective has the power to make sense out of the rawness of experienced life, even though it cannot be 'proven' or absolutely established."*

### **Wat leer ons oor perspektief in die Bybel?**

Perspektiewe is die gevolg van ons menslike waarneming. Jesus sê oor die belang van die oog en van kyk in die waarneming van die werklikheid: "Die oog is die lamp van die liggaam, wanneer die oog donker is, hoe donker moet dit dan nie wees nie?" Jesus praat dikwels oor kyk, sien en raaksien. Trouens, die Bybel as geheel verwys op talle plekke na die oog, waarneem en insien as belangrike fasette van die mens se teenwoordigheid in die lewe. Ons leef in 'n werklikheid met 'n onoorsigtelike rykdom van inhoud en gegewens. Hoe die mens kyk en dat mense tog kan sien wat aan die gebeur is en wat rondom hulle in die lewe plaasvind, is deurlopend aan die orde in die Ou sowel as Nuwe Testament.

Die term "sien" kom ten minste 1066 maal in die Bybel voor. Genuanseerde uitsprake oor "kyk", "sien" en "oog", met soms verrassende verwysings na perspektief, is in feitlik elke boek in die Bybel te vinde:

- Eks 23:8 - "Wanneer jy regspreek, mag jy geen omkoopgeskenk aanneem nie, want dit maak *dié wat sien*, blind en laat die saak van die onskuldige skeef loop."
- Deut 4:6 - "Gehoorsaam die voorskrifte en lewe daarvolgens, want daaraan sal die ander volke *sien* dat julle wysheid en insig het. Hulle sal van al hierdie voorskrifte hoor en sê: 'Net hierdie groot nasie het wysheid en insig.'"
- Jes 42:18-20 - "Luister, dowes, kyk, blindes, *dat julle kan sien*. Is daar iemand so blind soos my dienaar, so doof soos my boodskapper wat Ek stuur? Is daar iemand so blind soos die een wat vir sy sonde gestraf is, so blind soos die dienaar van die Here? Julle *het baie gesien*, maar julle slaan nie ag daarop nie, julle het gehoor, maar julle luister nie."
- Matt 6:22-23 - "Die lamp van die liggaam is die oog. As jou *oog goed is*, sal jou hele liggaam lig hê. Maar as jou oog sleg is, sal jou hele liggaam sonder lig wees. As die lig in jou donker is, hoe donker moet dit dan nie wees nie!"
- Luk 6:41-42 - "Waarom *sien* jy die splinter raak in die oog van jou broer, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie? Jy wat die balk in jou eie oog nie *raaksien* nie, hoe kan jy vir jou broer sê: 'Broer, laat my toe om die splinter in jou oog uit te haal'? Huigelaar! Haal eers die balk uit jou eie oog uit, dan sal jy *goed kan sien* om die splinter in jou broer se oog uit te haal."
- Joh 7:42 en 9:39 - "Moenie *op die oog af* oordeel nie, oordeel regverdig."... "Toe sê Jesus: "Ek het na hierdie wêreld toe gekom met die oog op 'n beslissing, sodat *dié wat nie sien nie, kan sien*, en *dié wat sien*, kan blind word." en ook 2 Korintiërs 4:18 "Ons *oog* is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare is ewig."


Daar is te veel Bybelse gegewens oor die rol van "waarneem", "sien" en "kyk" in die vorming van perspektief om alles te probeer opnoem. Op talle plekke en maniere word getuig hoe die verloop van gebeure bepaal is deur hoe die mense - en ook God - na situasies en rolspelers "gekyk" het, wat "gesien" is en watter perspektief gevorm is.

### **Teologiese opmerkings oor perspektief**

Mense se perspektief op die lewe, op God en op menswees in alle opsigte, is geen geringe saak nie. Die God van die Bybel kan nie in bloot menslike en personalistiese voorstellings voorgestel word nie. Tog is dit

opvallend dat die Bybel getuig dat God se primêre betrokkenheid by die mens dié is van "sien". Dit klink soos 'n refrein deur die Ou Testament: "Toe die Here God sien....". God het perspektief op die mense en die lewe wat Hy geskep het. God wil ook hê dat die mens moet "kyk en sien" soos Hy "kyk en sien" wat in die lewe aangaan. Paulus neem dit tot 'n hoogtepunt wanneer hy aan die gemeentes skryf: "Ek bid dat Hy julle *geestesoë* so verhelder dat julle kan weet (sien, waarneem, insig kry, insien, perspektief kry...) watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat God vir die gelowiges bestem het, en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat God uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het." Om met *geestesoë* "te weet" is om werklik te begin insien Wie God is en hoe heerlijk sy bedoeling en werk in die lewe van die mens is. Van die treffendste getuigenis in die Nuwe Testament is wanneer die vroue en dissipels verkondig, "Ons het die Here gesien, Hy leef..."

Perspektief, die resultaat van waarneming vanuit 'n bepaalde gesigspunt, speel inderdaad 'n sentrale rol in die lewe van mense voor die aangesig van God. Die verruiming van perspektief speel 'n uiters belangrike rol in etiese onderskeiding. Dit gebeur juis waar mense probeer insien wat "God se perspektief" sou wees.





# Gesprek ②

## Van standpunt na perspektief

A. Deel met mekaar julle kennis en ervaring aan die hand van die volgende drie temas (Sien Bylaag 2):

1. Wat is jou eie ervaring, en die gewone ervaring van ander mense wat jy ken, ten opsigte van hierdie kwessie?
2. Wat sê ingeligte kenners (wetenskap, navorsing) oor die kwessie? Wat het jy gelees, gehoor of gesien?
3. Watter perspektiewe en insigte vind ons in die Bybel, die Evangelieboodskap hieroor? Hoe het Christene al hieroor gepraat? Wat het hulle gedoen?

*Maak seker dat elke deelnemer gelyke geleentheid kry. Laat elkeen byvoorbeeld 'n paar idees op sticky notes skryf en plak dit dan iewers op dat almal dit kan sien. Groepeer die idees.*

*Dit is ook belangrik dat julle die antwoorde op die drie vrae streng uitmekaar hou. Moet dit nie vermeng nie.*

### B. Drie Woordvrae

*Die Woord is soos 'n SPIEËL waarin ons onself sien soos ons regtig is en wat ons skuld en ellende ontmasker.*

**Vraag een:** As ons oor onself dink soos God oor ons dink, watter invloed het dit op ons gedagtes oor hierdie etiese kwessie?

*Die Woord is soos 'n VENSTER waardeur ons iets van die hart van God kan raaksien. Deur die Woord skenk God uit liefde en genade vir ons die verlossing, vryheid en lewe. Ons kan dit nie self bewerk nie.*

**Vraag twee:** As ons onthou hoe God is, hoe kan ons perspektief hieroor verryk word?

*Die Woord is soos 'n DEUR wat oopgaan na 'n nuwe lewe. Die Woord bring ons in 'n nuwe verhouding met God. Die Woord moedig ons aan om ons roeping op te neem en medewerkers van God te word in die koms van sy koninkryk van vrede, vreugde en heelheid.*

Vraag drie: Hoe verruim die nuwe lewe wat God moontlik maak, ons nadenke oor die saak?

### C. Tyd vir Gebed

Bely teenoor die Here dat ons ten dele ken. Vra dat God ons gesprekke sal lei en dat ons perspektiewe sal ontwikkel wat rym met die bedoelinge van Christus en die Woord. Bid dat die Gees ons geestesoe so sal verhelder dat ons fyn sal onderskei waarop dit werklik aankom.

*Joernaal* 

### ③

## Van kompromie na konsensus

### Wat is konsensus?

Konsensus is die term wat die klassieke Latynse frase van “sensus communes” oftewel die “sin van die gemeenskap” direk wil weergee.

Wanneer mense gesprek met mekaar voer oor 'n saak, en in hierdie dialoog van sin en betekenis bewus word wat hulle met mekaar deel, is daar sprake van konsensus. Nadat alles wat vir gespreksgenote van belang is rondom 'n saak gevra, gesê en gehoor is, sal daar 'n hele paar “waar”-skynlike perspektiewe of opsies op die tafel wees.

Hierdie moontlikhede van mening kan in balans en wedersydse aanvulling tot mekaar erken word. So 'n gebalanseerde weergawe van die uitkoms van 'n gesprek kan as die konsensus vir hiërdie tyd en omstandighede aanvaar word.

Dit is belangrik om te onthou dat 'n spesifieke konsensus oor 'n sensitiewe saak nie daarop kan aanspraak maak dat dit 'n universele en finale konsensus is nie. Ons behoort eerder te praat van plaaslike konsensus vir die huidige.

“Onder ons”, “in hierdie tyd”, “met die lig tans tot ons beskikking”, “onder hierdie omstandighede” en “in die lig van die huidige spektrum van perspektiewe onder ons”, kan ons tot 'n plaaslike, eietydse konsensus kom.

Konsensus wat vir die huidige aanvaar word, geld as die nuwe mening van die deelnemende gespreksgenote. Die “plaaslike” en “tydelike” aard van 'n konsensus sluit die aanspraak op universele, altyd geldende sekerheid uit. Wat konsensus wel doen, is om almal uit te nooi om 'n bepaalde oortuiging te ondersteun met ooreenstemmende gedrag tot tyd en wyl 'n verdere onderskeidingsgesprek in 'n later stadium dalk 'n nuwe konsensus na vore bring en geldig maak en derhalwe weer vir nuwe optredes en gedrag vra.

**Wat konsensus wel doen, is om almal uit te nooi...**

### **Wat is konsensus nie?**

Konsensus is nie kompromie nie. Dit is nie 'n onderhandelde skikking van "gee en neem" totdat die meerderheid van deelnemers gelukkig is en reken hulle sal op 'n manier kan saamleef met die uitkoms van die gesprek nie. Konsensus is ook nie 'n kortstondige uitkoms uit 'n netelige situasie tot tyd en wyl die onderskeie posisies hulleself wedersyds versterk het om in 'n volgende rondte van onderhandeling dalk as die uiteindelijke wenner of dominante party uit die gesprek te tree nie. Konsensus probeer nie tyd wen nie, maar wil balans en samehang vind in 'n ingewikkelde kwessie, waarop daar 'n verskeidenheid van legitieme perspektiewe is. Konsensus is veral ook nie 'n gedwonge, maar eintlik onbevredigende keuse tussen 'n "lesser of two evils" nie.

Die doel van die soeke na konsensus is verbreding en verdieping van perspektiewe en groei in die lewens en gemoedere van die deelnemers.

### **Wat leer ons oor konsensus in die Bybel?**

Met die koms van Jesus Christus en die uitstorting van die Heilige Gees, kom daar 'n nuwe dimensie van lewe en omgang met God en mense met mekaar na vore. Jesus breek in sy offer aan die kruis die middelmure van skeiding af.

Onderlinge begrip en aanvaarding tussen God en mens en mense met mekaar is moontlik. Gevolglik is die apostoliese tradisie eintlik die vroegste draers en bewerkers van eensgesindheid en eenheid in die nuwe skepping van God.


Twee van die gedeeltes wat ons help om hierdie beweging van die soeke na "balanserende betekenis", wat ons as konsensus kan beskryf, raak te sien is die tekste van Romeine 12-14 en 1 Korintiërs 10-14. In hierdie gedeeltes spel die apostel die basiese beginsels van begrip, aanvaarding, akkommodering en eensgesindheid op praktiese maniere - te midde van spanning en konflik - uit. Hy doen dit binne ewangeliese perspektiewe, soos (i) dat die Lewende God in Christus self in beheer is, (ii) dat deur Christus alles uiteindelik alleen tot die eer van God moet wees, en (iii) dat daar onder leiding van die Heilige Gees eensgesindheid groei, ten spyte van al die verskeidenheid.

## Teologiese opmerkings oor konsensus

Die diepste teologiese basis vir die uitlewing van konsensus is en bly die eenheid in Christus. Hierdie eenheid word deur die onderlinge liefde in die geloofsgemeenskap vergestalt.

Paulus verklaar aan die Korintiërs: "Omdat ons almal een liggaam geword het, is ons almal met die een Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk" (I Kor 12:13). Hy skryf aan die Filippense: "Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing - maak dan nou my blydschap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe..." (Fil 2:1-2).

Ons hoor hier 'n diep *versugting*. Dit is vir die mense van die geloof nodig om saam met mekaar betekenis te soek. Ons hoor egter ook 'n *versekering*. Dit is moontlik om eensgesindheid te vind. Konsensus oor komplekse sake is vir die gemeente van Christus nie onmoontlik en wensdenkery nie. Dit is eie aan die kerk. Dit is die kerk se roeping en verantwoordelikheid.



# Gesprek ③

## Van kompromie na konsensus

A. Herhaal die oefening wat julle by die vorige beweging gedoen het. Maak alles wat julle weet met behulp van die volgende vrae bymekaar:

1a. Watter ervaring het jy self ten opsigte van hierdie saak?

1b. Wat het jy al gehoor of gelees van ander se ervaring hieroor?

2a. Watter wetenskaplike navorsing het jy al gelees of van gehoor wat hierdie kwessie betref?

2b. Vir wie sou julle kon vra wat kennis dra van navorsing wat hieroor gedoen is?

3a. Watter perspektiewe en insigte vind ons in die Bybel hieroor?

3b. Waarvan dra julle kennis wat in die geskiedenis van die kerk of in ander kerke gesê word? Vir wie sou julle kon vra?

*Maak weer seker dat elke deelnemer gelyke geleentheid kry. Laat elkeen 'n paar idees op sticky notes skryf en plak dit op dat almal dit kan sien. Groepeer die idees.*

*Hou weer die antwoorde op die drie vrae streng uitmekaar.*

### B. Drie Woordvrae

*Die Woord is soos 'n SPIEËL waarin ons onself sien soos ons regtig is en wat ons skuld en ellende ontmasker.*

Vraag een: Hoe beïnvloed dit ons gesprek oor hierdie kwessie as ons onthou dat ons deel is van een liggaam?

*Die Woord is soos 'n VENSTER waardeur ons iets van die hart van God kan raaksien. Deur die Woord skenk God uit liefde en genade vir ons die verlossing, vryheid en lewe. Ons kan dit nie self bewerk nie.*


Vraag twee: Hoe word ons uitgedaag rondom hierdie kwessie as ons deel in die een Gees?

*Die Woord is soos 'n DEUR wat oopgaan na 'n nuwe lewe. Die Woord bring ons in 'n nuwe verhouding met God. Die Woord moedig ons aan om ons roeping op te neem en medewerkers van God te word in die koms van sy koninkryk van vrede, vreugde en heelheid.*

Vraag drie: Hoe kan dit in ons nadenke hieroor na vore kom dat ons geroep word tot een hart en een strewe?

### C. Tyd vir Gebed

Bid dat die Gees julle een van hart en een van strewe sal maak, juis te midde van onderlinge verskille en verskillende perspektiewe. Vra dat God julle insig op 'n gesonde en gebalanseerde manier sal laat groei deur julle soeke en julle gesprekke met mekaar.

*Goernaal* 

## ④

# Van sekerheid na helderheid

### Wat is helderheid?

'n Saak word vir ons helder na mate ons die aard, omvang en dimensies daarvan beter raaksien en met mekaar in verband bring. Anders gestel, helderheid kom wanneer ons duideliker agterkom wat die toedrag van sake is, wat aan die gebeur is, waar bepaalde perspektiewe vandaan kom, wat die uitkomst van bepaalde benaderings is.

Ons sien helderder wanneer daar meer lig op 'n saak val en die werklik relevante fasette, afmetings en omvang daarvan duideliker waargeneem word. Helderheid is dus die vrug van noukeurige onderskeiding. Dit is die gevolg van langsame gesprek en ondersoek, en van die gesamentlike geestelike bedinking van waarop dit werklik aankom.

'n Soeke na helderheid help voorkom dat 'n saak verteken en verdraai word, en dat verdeling of polarisasie versterk word. Die lense vir waarneming word liever skoner gemaak om skerper te kan fokus op dit wat werklik tersake is. Soms kom ons op ons reis na volwassenheid en wysheid onder begeleiding van die Gees by 'n rusplek, en ontvang ons groter helderheid.

### Wat is helderheid nie?

Helderheid oor 'n saak is nie sekerheid nie. Meer en groter helderheid lei nie tot 'n ewig afgehandelde besluit nie. Helderheid is nie om 'n finale siening oor 'n saak te bereik nie. Helderheid is liever om duideliker te besef dat alles nie klaar gedink, gesê en gehoor is nie, maar vir die huidige wel in 'n duideliker lig gestel kan word.

Helderheid bring nie voltooiing van die reis van onderskeiding nie, maar is 'n verliggende stasie waar hoop en moed geput kan word om voort te gaan. Om meer helderheid te kry, is om die insig van die Spreukedigter te deel: "Die pad van die regverdige is soos *helder oggendlig wat groei* en sterker word tot dit heeltemal dag is." Om na helderheid te soek en dit deur genade van tyd tot tyd te kry, is nie om bloot 'n reeks logiese gevolgtrekkings te maak en aanmekaar te las in 'n slotsom nie, maar om op reis te wees en te bid dat die Gees ons help om helderder te sien.



## Wat leer ons oor helderheid in die Bybel?

Die besef van Israel dat groter helderheid wesentlik deel van die wandel met God is, word treffend gehoor in die woorde van Psalm 19:9 - "Die bevele van die Here dui die regte koers aan: dit bring blydschap. Die gebod van die Here is *helder*: dit gee insig."

Die apostel Petrus beklemtoon die belang van helderheid en duideliker insig oor die gebooie van die Here vir die gemeentes wanneer hy verklaar: "Geliefdes, dit is al die tweede brief wat ek aan julle skrywe. In albei het ek geprobeer om julle weer *helder te laat dink* deur julle te herinner aan die woorde wat vroeër deur die heilige profete verkondig is, asook aan die gebod van die Here en Verlosser wat deur julle apostels aan julle oorgedra is." (2 Pet 3:1)

Sonder om die terme "helder" of "helderheid" te gebruik, verwoord Paulus sy deurleefde gewaarwordinge rondom die aard van helderheid in 1 Korintiërs 13 wanneer hy sê: "Want ons ken maar gedeeltelik, en ons profeteer maar gedeeltelik, maar wanneer die volledige kom, sal wat gedeeltelik is, uitgedien wees. Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind. Maar nou dat ek 'n man is, is ek klaar met die dinge van 'n kind. Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken." Die lewe in die geloof is vir Paulus 'n groei na volwassenheid en 'n vordering op die uitnemendste weg van die liefde. Deur die liefde word die gelowige se oë gaandeweg geopen om die raaiselagtigheid van die lewe al hoe helderder in die lig van Hom wat ons volledig raaksien en ten volle ken, te onderskei.

Beperktheid van begrip, onhelderheid van waarneming en gebrek aan insig is vanweë die gebrokenheid van die sonde steeds die mens se toestand en lot. Nogtans kry ons voorbeelde in die Bybel waar berig word dat die Here God op wonderlike maniere sy mense tot beter begrip en dus helderder verstaan beweeg, deur Homself op uitsonderlike wyse aan hulle te openbaar.


## Teologiese opmerkings oor helderheid

Die beweging na helderheid tydens etiese onderskeiding korrespondeer op 'n manier met die openbarende, vernuwende en lewensveranderende werking van die Gees van Christus in die gemoed en denke van die mens. Groter helderheid oor 'n etiese kwessie, is nie maar bloot die gevolg van

natuurlike menslike denke nie. Dit is eerder die gevolg van die werk van die Heilige Gees in die gemeenskap van gelowiges, wat onthul, verhelder en toelig.

Vir Paulus is dit 'n hoogtepunt van verwondering dat die Gees ons op 'n geheimenisvolle wyse opneem en meevoer in die dinge wat "die Gees bedink". Hy skryf aan die Romeine: "Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge. Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede" (Rom 8:5ev, 1953 vert). Hy voltooi hierdie oproep met die appèl: "...laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is" (Rom 12:2).

Daar is 'n deur of 'n toegang tot onderskeiding van die wil van God, en dit is nuwe denke, 'n nuwe gemoed en 'n nuwe bewussyn wat as God se gawe na ons toe kom.



# Gesprek ④

## Van sekerheid na helderheid

A. Laat almal in die groep hulle antwoorde by die vrae onder die vorige bewegings hardop voorlees. Julle kan die joernaalinskrywings ook met mekaar deel.

- Watter patrone kom na vore?
- Watter verligting word ervaar?
- Watter gewaarwording bring vir julle meer vrede?
- Watter onhelderheid begin verdwyn?

*Skryf dit hier neer:*

B. Drie Woordvrae

*Die Woord is soos 'n SPIEËL waarin ons onself sien soos ons regtig is en wat ons skuld en ellende ontmasker.*

Vraag een: Hoe beïnvloed dit ons hantering van hierdie kwessie as ons onself sien deur God se oë?

*Die Woord is soos 'n VENSTER waardeur ons iets van die hart van God kan raaksien. Deur die Woord skenk God uit liefde en genade vir ons die verlossing, vryheid en lewe. Ons kan dit nie self bewerk nie.*

**Vraag twee: Watter helderheid ontwikkel rondom die saak as ons diep bewus is van Wie en hoe die Drie-enige God is?**

*Die Woord is soos 'n DEUR wat oopgaan na 'n nuwe lewe. Die Woord bring ons in 'n nuwe verhouding met God. Die Woord moedig ons aan om ons roeping op te neem en medewerkers van God te word in die koms van sy koninkryk van vrede, vreugde en heelheid.*

**Vraag drie: Watter helderheid is besig om tussen ons te ontwikkel in die hantering hiervan?**

### C. Tyd vir Gebed

Bely dat ons nie alles weet nie, oordeelsfoute maak en in ons onkunde maklik dinge sê of doen wat ander mense seermaak. Vra dat God lig hierop sal werp en ons denke sal vernuwe. Vra vir helderheid, om te kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

*Joernaal* 

## ⑤

# Van eiewysheid na wysheid

### Wat is wysheid?

Om wysheid te bekom, is om in waarneming, gesindheid, denke en daede al hoe meer aan die beeld van Christus gelykvormig te word. Wysheid groei waar die Gees ons denke verander. Die Gees verander ons bewussyn en ons gemoed om die wil van God te onderskei en te gehoorsaam.

Bybelse wysheid is die lewensbeginsel vir die mens voor die aangesig van God. Die beginsel van wysheid is die "vrees van die Here" (Spr 1:7, 1933 vertaling). Met hierdie "vrees" word natuurlik nie angs, benoudheid of bangheid bedoel nie. Dit beteken eerder ootmoed en verwondering. Om die Here te "vrees" is om gefassineerd voor die ondeurgrondbare grootsheid van God te staan. Om met wysheid te leef is om deurlopend in enige en alle konkrete omstandighede en situasies, daarop ingestel te wees om in ooreenstemming met die gesindheid en benadering van Jesus Christus te dink en op te tree. In 'n sin sou mens dus kan sê dat wysheid die hoogtepunt of "ultimate concern" vir die lewe van die mens voor en met God is.

### Wat is wysheid nie?

Die wysheid waaroor die Bybel praat en wat ons etiese lewensideaal is, is nie dieselfde as intellektuele of pragmatiese vindingrykheid en menslike oordeelsvermoë nie. Dit is nie spitsvondige, eiewyse vernuftigheid wat mense met slim woorde wil oortuig en uitkomst wil manipuleer nie. Wysheid is nie om met argumente en bewyse die posisies wat reeds vooraf ingeneem is, te handhaaf en te regverdig nie. Dit is ook nie om altyd die "beste oplossing" te probeer vind nie. Wysheid is nie om die laagste risiko, die beste belang en die grootste voordeel te soek nie. Dit is nie om liever die vrede te bewaar en te swyg wanneer moeilike vrae gevra moet word en waarheid, reg en geregtigheid in die Naam van die Here gesoek moet word nie.

Om wys op te tree is met ander woorde iets anders as om die gewilde pad te soek.

### Wat leer ons oor wysheid in die Bybel?

In die Bybel leer ons alles en nog meer as wat ons kan begryp oor wysheid. Die Bybel wemel letterlik van die vele verwysings na en toepassings van wysheid. Daar word van die tekste tussen die historiese en profetiese boeke in die Ou Testament gepraat as die "wysheidsliteratuur". In hierdie boeke, waarin veral Spreuke 'n sentrale plek beklee, word aanhoudend die oproep tot vorming, groei en lewe in wysheid gehoor.

Die profeet Miga verwoord die aard en praktyk van wysheid helder en prakties. Die volk is vol vrae oor wat Jahweh se wil nou eintlik is. Hy sê vir hulle: "Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam (ootmoedig, nederig) sal lewe voor jou God. *Om die Here te dien, dit is wysheid*" (Miga 6:8). Hierdie etiese uitspraak van Miga is vandag nog relevant. Om *reg te laat geskied*, het alles te doen met diens aan die Here. Dit is die etiese werklikheid van wysheid.

Paulus sê: "Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die *wysheid* wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing" (1 Kor 1:30). Hy herhaal dit: "Wanneer ek in my gebede aan julle dink, bid ek dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur sy Gees aan julle *wysheid* gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken" (Ef 1:16-17).

Jakobus roep ons op en verseker ons: "Maar die *wysheid* wat van Bo kom, is allereers sonder bybedoelings, en verder is dit vredeliewend, insiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg. Hierdie *wysheid* bring jou in die regte verhouding met God, en jy moet dit gebruik om vrede te maak" (Jak 3:17-18).

Reeds in hierdie paar aanhalings hoor ons dat wysheid 'n deurlopende goue kategorie is waarin die volheid van God se openbaring aan die mens asook die geheel van die mens se lewensantwoord daarop weerklink.


Die Bybel teken ook veral in Ou-Testamentiese tekste die teenpool van wysheid as die verskriklikheid van dwaasheid. Hiermee word nie na

verstandelike onvermoë of intellektuele beperking verwys nie, maar na 'n leefwyse wat getuig van selfgerigte, oninsigtelike en liefdelose gesindhede en gedrag.

### **Teologiese opmerkings oor wysheid**

Wysheid hang saam met die inwoning van die Heilige Gees. Die Gees is immers daarop ingestel om die mens te oortuig van die liefde van die Vader en die genade van die Seun. Die Gees bewerk dit so dat die vrug van liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing, nie blote teoretiese ideale nie, maar praktiese lewenswyses van mense in verhouding met mekaar word. Hierdie gesigte van die liefde is die konkrete en praktiese uitlewing van wysheid.

God bedoel vir ons 'n lewe in wysheid. Niks anders bring werklik vervulling nie. Die Gees van Christus help ons om dít na te streef, te ondervind en in ons onderlinge verhoudinge te praktiseer. Die Gees is teenwoordig. Teologies praat ons van die aktuele inwoning van die Heilige Gees in die gelowiges en in die gemeente. Ons kan nie oor wysheid dink los van die aktiewe werking van die Heilige Gees en los van die aktiewe dialoog van gelowiges in die gemeente nie.



# Gesprek ⑤

## Van eiewysheid na wysheid

A. Dink aan iemand wat geraak word deur hierdie kwessie.

Beantwoord die volgende drie vrae:

- Hoe sou ons in sensitiwiteit God se liefde teenoor hierdie mens kon uitleef? (*Wees priesters wat versorg*)
- Hoe sou ons die omgewingsfaktore kon verander om verligting te bring vir hierdie persoon? (*Wees konings wat dien*)
- Hoe sou ons woorde God se troos aan dié mens kon oordra? (*Wees profete wat liefhet*)

B. Drie Woordvrae

*Die Woord is soos 'n SPIEËL waarin ons onself sien soos ons regtig is en wat ons skuld en ellende ontmasker.*

Vraag een: Hoe kan ons Christus se beeld uitleef in ons hantering van hierdie etiese kwessie?

*Die Woord is soos 'n VENSTER waardeur ons iets van die hart van God kan raaksien. Deur die Woord skenk God uit liefde en genade vir ons die verlossing, vryheid en lewe. Ons kan dit nie self bewerk nie.*

Vraag twee: Hoe kan ons in ons hantering van hierdie kwessie al meer deelneem aan die beweging van God in sy liefde na die wêreld?

*Die Woord is soos 'n DEUR wat oopgaan na 'n nuwe lewe. Die Woord bring ons in 'n nuwe verhouding met God. Die Woord moedig ons aan om ons roeping op te neem en medewerkers van God te word in die koms van sy koninkryk van vrede, vreugde en heelheid.*

Vraag drie: Hoe kan ons die helderheid wat tussen ons ontwikkel hieroor omskakel in praktiese gedrag?



### C. Tyd vir Gebed

Bely dat ons geneig is om eiewys te wees, ons eie aannames mis te kyk en ons eie standpunte as reg te beskou. Bid dat die Gees ons tot wysheid sal lei, dat ons in ooreenstemming met die gesindheid en benadering van Jesus Christus sal dink, praat en optree.


*Joernaal*



# Bylaag 1

## WAAR STAAN ONSTANS MET DIE ONTWIKKELING VAN HIERDIE RAAMWERK VIR ETIESE ONDERSKEIDING?

Die volgende diagram dui aan waar ons nou staan met die ontwikkeling van materiaal vir verantwoordelike etiese onderskeiding in die kerk:



[Niemandt, CJP ea, 2018: "'n Navorsingstrategie vir missionale transformasie", *Verbum et Ecclesia* 39 (1), <https://doi.org/10.4102/ve.v39:1.1893>]

Ons het begin by die erkenning van 'n brandende vraag/ onsekerheid/ vasgelooptheid (sirkel 01 op die diagram - hier word dit "pyn" genoem):

*Die huidige manier waarop etiese vraagstukke in die sinode hanteer word, bring te dikwels skerp polarisering en verwydering tussen mense mee. Die huidige werkswyse kom daarop neer dat 'n taakspan navorsing doen en voorstelle maak, en die sinode daaroor debatteer en stem. Ons het 'n beter werkswyse nodig.*

***Die vraag is: Hoe kan ons met integriteit oor etiese sake dink, praat en besluite neem?***

Volgens die navorsingsiklus wat ons gebruik, begin die reis by die erkenning van die brandende vraag, en verloop dan deur die vier kwadrante van Begeleiding, Navorsing, Ontwerp en Opleiding.

Die reis doen aan by die volgende stasies:

- 02 - Verhelder die vraag
- 03 - Ontwikkel 'n beleidstuk, hulpmiddel of intervensie (in hierdie geval is dit die gespreksraamwerk)
- 04 - Waag en eksperimenteer daarmee (dit is by hierdie stasie dat ons dink ons tans aandoen met hierdie raamwerk vir etiese onderskeiding in gemeentes)
- 05 - Beoefen (en oefen!) die nuwe kennis, houdings, vaardighede en gewoontes
- 06 - Neem nuwe patrone waar (wat help en wat help nie?)
- 07 - Rond die produk (gespreksraamwerk) af
- 08 - Implementeer die gespreksraamwerk
- 09 - Assimileer die gespreksraamwerk in die kultuur van gemeentes
- 10 - Bepaal die impak deur waarderende ondersoek
- 11 - Rond die gespreksraamwerk af
- 12 - Belyn die werkswyse met ander dinge wat die kerk doen.

By elk van hierdie stasies ontstaan daar telkens nuwe dinamika. Soms word heen en weer beweeg. Dit is dus nie 'n liniêre proses nie.

Een van die geheime is dat verskillende rolspelers in die kerk binne hierdie siklus hande vat en saamwerk: (i) navorsers; (ii) ontwerpers en uitgewers; (iii) dosente, toerusters, leraars, en VBO's; (iv) begeleiers en pastors. Let op hoe die spiraal uitkring. Dit begin eers klein, maar geleidelik word meer en meer mense betrek.

Om saam te vat: Die *Raamwerk vir etiese onderskeiding* is ontwikkel as 'n toetslopie. Dit word aangebied om te benut en te toets in gemeentegesprekke.

Die doel van die gespreksraamwerk is die aanleer van nuwe basiese kennis, houdings, vaardighede en gewoontes.

Uiteindelik wil ons groei in wysheid. Ons wil die vermoë ontwikkel om meer geldige perspektiewe te vorm, wat ons optrede kan rig. Die etiese vrae van ons tyd in Suidelike Afrika en die wêreld is brandend.

# Bylaag 2

## GOEIE VRAE IN ETIESE ONDERSKEIDING

Sinvolle onderskeidingsgesprekke in Christelike geloofsgemeenskappe vind plaas binne die raamwerk en met die vloei van gerigte vrae.

Die teoloog Pat Kiefert help ons in hierdie verband. Hy dui aan dat enige gemeentelike of kerklike gesprek waarin perspektiewe oor ingewikkelde en sensitiewe kwessies onderskei wil word, op 'n manier deurlopend en afwisselend deur *drie fases* behoort te beweeg.

Hierdie fases behels in hoofsaak dat:

- a. Die saak, uitdaging, probleem of kwessie waaroor besin word, aanvanklik helder en duidelik uitgeklaar word sodat alle deelnemers en belanghebbendes weet waaroor die gesprek gaan.
- b. Die saak vervolgens van drie kante af benader word:
  - Watter ervaring het mense in die gewone lewe ten opsigte van hierdie saak?
  - Wat sê ingeligte kenners (wetenskap, navorsing) oor die saak?
  - Watter perspektiewe en insigte vind ons in die Bybel, Evangelieboodskap en teologiese tradisies oor die saak?
- c. In die verloop van so 'n onderskeidende gesprek gebeur dit dikwels dat die Gees beweeg en vir mense groter lig en klaarheid begin gee oor hoe om dinge te verstaan en wat om daaromtrent te doen.



# Bylaag 3

---

## HOE KOM GOD SE WOORD TOT ONS?

Gereformeerdes verwag en vertrou dat God se Woord in en deur die Bybel tot mense kom. Dit is belangrik om hieraan vas te hou.

Reeds vroeg in die geskiedenis van die kerk het gelowiges begin agterkom dat God se Woord veral op die volgende drie maniere na die mens kom:

### ○ Die Woord kom as Wet (Gegenspruch)


Die Woord is soos 'n SPIEËL waarin ons onself sien en wat ons ontmasker. Die Woord onthul wie en hoe ons regtig is in die deurmekaar en dikwels verwarrende werklikheid van ons lewens. Die Woord wys ons op ons nood, skuld en ellende.

### ○ Die Woord kom as Evangelie (Zuspruch)

Die Woord is soos 'n VENSTER waardeur ons iets van die hart van God kan raaksien. In en deur die Woord skenk God uit liefde en genade vir ons die verlossing, vryheid en lewe. Ons kan dit nie self bewerk nie.

### ○ Die Woord kom as Gebod (Anspruch)

Die Woord is soos 'n DEUR wat oopgaan na 'n nuwe lewe. Die Woord bring ons in 'n nuwe verhouding met God. Die Woord moedig ons aan om ons roeping op te neem en medewerkers van God te word in die koms van sy koninkryk van vrede, vreugde en heelheid.



Ons kan sê God se Woord werk gelyktydig en wisselwerkend met ons as 'n spieël (van onself), 'n venster (op God) en 'n deur (na die nuwe lewe).

# Bylaag 4

---

## TEOLOGIESE MERKERS

Om te glo en met God te leef, kom neer op 'n soeke na 'n dieper verstaan oor waarop alles uiteindelik aankom. Wie en hoe die lewende God self is, wat God se wil is en hoe God se skepsels voor sy aangesig bestaan en leef, was van alle tye af en is nog steeds die geheimenis waaroor gefassineerd gewonder, gedink en gepraat word. Ons sien in die Bybel en in die talle belydenisse, tradisies en gemeenskappe van die Christelike kerk deur die eeue dat bepaalde onmiskenbare geloofsperspektiewe aangaande God, die Gees, die mens en die Woord deur die meeste Christene aanvaar word.

Dit is egter nie so dat die kerk se sienings, oortuigings en belydenisse oor God aanspraak maak daarop dat dit 'n vaste, finale en foutlose formule is van Wie en hoe God is nie.

Augustinus het alreeds in die derde eeu die kerk geleer: *“Let us, you and I, lay aside all arrogance. Let neither of us pretend to have found the truth. Let us seek it as something unknown to both of us. Then we may seek it with love and sincerity, when neither of us has the rashness nor the presumption to believe that he already possesses it... I do not pretend to understand.”*

Vervolgens word 'n paar klassieke perspektiewe kortliks weergegee. Hierdie perspektiewe kan dien as leidrade in hedendaagse gesprekke met die oog op etiese onderskeiding.

### **Hoe dink ons oor die Goddelike Triniteit en die rol van die Gees?**

Die Drie-enige God - Vader, Seun en Heilige Gees - is aktief en handelend teenwoordig in die skepping en by die mense deur onder meer getrou, liefdevol, genadig, vermanend, regverdig, vergewend, herstellend, verlossend, genesend, vernuwend, dienend en versorgend na mense uit te reik en met hulle te leef.

God help mense om die Heilige Drie-eenheid van Vader, Seun en Gees te leer ken soos hulle in 'n diep persoonlike verhouding in en met mekaar

leef en in liefde na die mense uitreik. God die Vader, Seun en Heilige Gees is ryk in barmhartigheid en het mense innig lief.

As Vader is God *vir* mense, as Seun is God *met* mense en as Gees is God *in* mense teenwoordig. God is God oor almal, werk deur almal en in almal.

God se Gees, wat van die Vader en die Seun uitgaan en saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik word, deel God se goedheid, liefde, geregtigheid, vermaning, genade, seën en sorg aan mense mee op innige, bewustelike en ook onbewustelike maniere.

God se Gees is God se Tolk, Trooster en Bevryder wat aan mense uit die oorfloed van God se heerlikheid die krag tot innerlike sterkte en die tuiskoms in God se ruimte van liefde, genade, trou en vrede bemiddel.

God wat vir Jesus, die Christus, uit die dood opgewek het, laat die Gees in mense woon om hulle uit 'n geestelike doods-bestaan op te wek tot nuwe lewe.

### **Hoe dink ons oor die mens?**

Mense se doel en roeping op aarde is om in waarheid en geregtigheid beelddraers van God te wees, deel te neem aan God se unieke gemeenskapslewe en konkreet uitdrukking te gee aan God se liefdevolle aard.

Mense se persoonlike en gemeenskaplike potensiaal word op talle maniere verniel, diep verwond en vernietig deur die skrikwekkende sondige werklikheid waarin ons onself bevind en waaruit ons onself nie kan bevry nie.

Ten spyte van hierdie gebrokenheid is en bly mense voor God se Aangesig kosbaar en gelykwaardig. Elkeen persoonlik en almal gesamentlik is beelddraers van God.

Mense mag daarom nie voor die Aangesig van God hulle teenoor mekaar verhef, mekaar veronreg of mekaar verag en verneder nie, want almal leef, beweeg en bestaan alleen maar danksy die goedheid, genade en guns van God. Mense het die verantwoordelikheid om mekaar te beskerm, te versorg, te vergewe, te aanvaar en te vertrou soos wat Christus self aan ons gedoen het en die Gees steeds met en in ons doen.

Mense ontdek en ondervind dat hulle deel het aan die ewige lewe wanneer die Gees van God hulle help om die enigste ware God as Vader te leer ken en Jesus Christus wat God se innige nabyheid en regering bekend maak. Die werking van die Gees alleen bring die besef en bewussyn van ware vryheid, lewe en liefde in mense teweeg.

Mense vind die sin van hulle lewe en menswees wanneer hulle hoe langer hoe meer tuiskom in die gesindheid van Jesus Christus en lewe vanuit die geloof, hoop en liefde wat Christus gedemonstreer het en waarin Christus hulle deur sy Gees opgeneem en ingelyf het.

Mense wat lewe deur die Gees van Christus laat hulle lewenswandel en gedrag bepaal tot gehoorsaamheid aan God alleen deur die Gees wat inspreek in hulle gemoed, denke, gesindhede en handeling en sodoende sy veelvuldige vrug op konkrete maniere sigbaar maak in hulle lewens.

Mense vind en beleef alleenlik troos, vryheid, vrede en vreugde in die lewe en in verhoudings met ewe-mense wanneer hulle ondervind en weet dat hulle nie aan hulleself nie, maar aan God Drie-enig behoort wat hulle aangeneem het tot sy kinders en erfgename.

### **Hoe dink ons oor die Woord?**

Die Bybelse Skrifte verkondig op 'n geloofwaardige en betroubare manier die verhaal van die Lewende God se teenwoordigheid, optredes, beloftes en verwagtinge in die skepping. Dit maak aan ons bekend hoe God die skepping beoordeel, instandhou en red.

Die Lewende God Self was, is en sal altyd onvoorstelbaar groter en wonderliker wees as wat die getuienisse van die Skrifte kan bekend maak. God is onbegryplik meer as wat mense met hulle eie denke en insigte kan onderskei en verklaar. Ons ken altyd ten dele. Ons sien asof deur 'n dowwe spieël 'n raaiselagtige beeld.

Die Bybel kan eintlik net reg gelees word met die kerk se grondingesteldheid van geloof en vertrouwe in God. Hierdie ingesteldheid is die onbegryplike gawe en werking van die Gees in die gemoed en denke van die mens. Dit is op geen manier die resultaat van eie intellektuele keuses, vernuftige vermoë of rasonale begrip van die mens nie. Die Bybelse tekste word onder leiding van die Gees herken en aanvaar as 'n



samehangende, dramatiese verhaal wat God se liefdevolle handeling met die mens en skepping bekend maak.

Betroubare interpretasie van die Bybel vra 'n lees van die totale en omvattende verhaal. Die Nuwer Testament kan nie na reg gelees en verstaan word los van die Ouer Testament nie, en die Ouer Testament kan nie na reg gelees en verstaan word los van die Nuwer Testament nie. Die twee samestellende dele van die Bybel het mekaar wedersyds nodig om iets meer van die betrokkenheid van God in die wêreld en met die mense van sy liefde te verkondig en te getuig.

Tekste en berigte in die Bybel het nie 'n vaste, finale, absolute, eenduidige en enkelvoudige betekenis wat beperk is tot slegs die bedoeling van die oorspronklike outeurs nie. Volgens die Joodse en Christelike lees-tradisies deur die eeue heen, het die Skrifte veelvuldige, soms verrassende en dikwels komplekse betekenis. Die Lewende God self, deur die Heilige Gees as die eintlike Outeur en Begeleier van die hele drama, gee hierdie betekenis wanneer gelowige mense dit nadenkend lees en daarna luister.

Die vier kanonieke evangelies vertel die geloofwaardige verhaal omtrent Jesus van Nasaret se lewe, bediening, lering, sterwe en opstanding uit die dood as God se Goeie Nuus van vrede, genade, hoop, liefde en nuwe lewe vir die mense op die aarde.

Betroubare interpretasie van die Bybel nooi tot deelname aan die nuwe geloofsgemeenskap wat deur God tot stand gebring is, naamlik die kerk van alle tye en in vele gestaltes oor die wêreld heen.

Die verskeidenheid van tradisies van geloofsgenote verskaf aan mekaar wedersyds hulp en leiding in hoe om met die Skrifte om te gaan, dit te interpreteer en die riglyne daarin persoonlik en gemeenskaplik op praktiese maniere uit te leef.

Christene het nodig om die Bybel te lees in openhartige en respekvolle gesprekke met 'n verskeidenheid van ander mense wat hulle buite die kerk en geloofstradisie bevind en wat egte vrae oor God en die lewe aan die adres van die christelike kerk rig.

Ons leef tans in die spanning van die "alreeds" en die "nog nie" van die koninkryk van God. Gevolglik roep die Skrifte die kerk tot voortgaande onderskeiding en dus tot aanhoudende vars herlees van en luister na die

rykdom van geskakeerde tekste in die lig van die Heilige Gees se voortgaande en verbeeldingryke werk in die wêreld en tyd.

### In kort:

- Ons glo die verhaal van die Evangelie van Jesus Christus en daarom in die werklikheid van die Drie-enige God se bemoeienis met ons mense.
- Ons glo ook, juis as gereformeerdes, in die algemene genade van God en het daarom respek vir alle vorme van waarheid en kennis.
- Hierdie geloof bring 'n diep toewyding en verbintenis aan die lewe en aan God se wêreld.
- Die geloof voed 'n innige en opregte liefde, sorgsaamheid en omgee vir mense, veral mense wat swaarkry en sukkel.
- Die evangelie van God word met die hart geglo, maar ook prakties gedoen. Ons diepste geluk op aarde is om ons roeping te vind en uit te leef.

### Teologiese vrae in etiese gesprekvoering

In die lig van hierdie teologiese uitgangspunte en waardes is van die vrae wat ons voorstel as begeleidende stimulant vir etiese gesprekke, die volgende:

- "Hoe leer ken en sien ons die Lewende God?" en "In die lig van Wie God is, hoe dink ons is God betrokke in die saak?"
- "Wie en hoe is die mense van God waaroor die etiese gesprek gaan?"
- "Wat sou die Gees van God se werking wees in en met die saak?"
- "Wat verneem en verstaan ons van ander belangrike stemme se sienings en menings rondom hierdie saak?"
- "Hoe praat ons as naastes, ewe-mense en gelowiges sinvol met mekaar oor die saak?"
- "Hoe verander die antwoorde op die vorige vyf vrae die maniere waarop ons as gelowiges dink, praat en optree in die daaglikse lewe in samelewing met ander mense - d.w.s. eties-wys lewe?"

## Bylaag 5

---

### HOE GEBRUIK ONS DIE BYBEL VIR ETIEK?

'n Kort opsomming van die beleid van die Algemene Sinode

*Ons mag niks met die Goddelike Woord gelykstel nie, want dié waarheid is bo alles.* (Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 7)

Prof Willie Jonker herinner in *Die Woord as Opdrag* dat die Bybel allermins "iets van die verlede" is. Wie ernstig met die Bybel omgaan, kan nie uitgelees en uitgeluister raak nie. In elke eeu en in nuwe situasies is dit aktueel. Dit is ons altyd voor. Dit bly boeiend en verrassend.

Tog is daar verskille oor betekenis en toepassing, wat dikwels verwarring in die kerk bring. Die Algemene Sinode is diep bewus hiervan en is voortdurend besig om helderheid te soek.

Die duidelikste formulering van die Algemene Sinode word gevind in die verklaring, *Skrifgebruik en Skrifgesag (2004)*. Hierdie verklaring is deur die Sinode van 2011 'n "eenvoudige en prinsipiële samevatting" van die NG Kerk se Skrifbeskouing genoem. Die Sinode het dit ook duidelik gestel dat die 2004-formulering saamgelees moet word met die goedgekeurde verslae van 1986, 1990 en 2002.

Die 2004-verklaring moes as 'n veilige raamwerk dien waarbinne verder besin kon word. In kort kom dit neer op die volgende:

- Die Bybel is die Woord van God en is daarom gesagvol oor ons hele lewe. Dit is betroubaar, duidelik en voldoende.
- Ons denkvermoë word nie uitgeskakel wanneer ons die Bybel lees nie.
- Die kerk soek onder leiding van die Heilige Gees as geloofsgemeenskap na dit wat God deur sy Woord in ons tot stand bring. Hierdie soeke geskied nie sonder verantwoordelike Skrifinterpretasie nie.
- Die kerk mag in elke tyd anders oordeel oor die beste reëls en metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg.
- Ons is daartoe verbind om in gesprek te bly met mekaar en met ander, as deel van die kerk van alle eeue, om die dinge te onderskei waarop dit aankom (Fil 1:9-10).

Die Sinode se riglyn, *Skrifberoep in etiese sake (1990)*, het uitgespel dat ons nie die wil van God ontdek deur bloot sekere beginsels rasioneel te hanteer nie. Ons moet nou wel die betekenis van die Skrif met redelike insig

onderskei, maar in die eerste plek moet ons bid dat ons oë oopgemaak sal word.

Ons beskik nie oor die waarheid van God se Woord nie, die waarheid van God se Woord beskik oor ons.

Maar wat beteken dit vir etiese onderskeiding? 'n Gemeenskaplike *Skrifbeskouing* lei immers nie vanselfsprekend tot 'n gemeenskaplike *Skrifuitleg* nie. Lidmate van dieselfde kerk neem oor morele kwessies totaal verskillende standpunte in. En dít met 'n beroep op dieselfde Bybel.

Die Sinode het die volgende gesê:

- Lees tekste binne hul breër verband en in die lig van die sentrale boodskap in die Bybel;
- Onderskei tussen algemene en kultuurspesifieke norme in die Skrif;
- Plaas die eietydse vraagstuk in die lig van die algemene motiewe van die Bybelboodskap;
- Maak seker of die Skrif self 'n bepaalde norm as algemeen geldend beskou;
- Hou aan met die onderskeiding al is dit nie eenvoudig nie;
- Bid om die leiding van die Gees.

Hierdie riglyne veronderstel dat wie God se wil uit die Skrif wil verneem, moet nie net 'n beroep op die Skrif doen nie, maar 'n "verantwoorde beroep". Die verstaan van die Bybel moet ten volle rekening hou met wat die hele Bybel wil sê. Tekste moet verstaan word in die lig van die verband waarin dit staan in die Bybel as geheel. Interpretasie geskied teen die agtergrond van die sentrale boodskap van die verlossing in Christus en die koms van God se koninkryk. Tekste kan dus nie "op die klank af" na willekeur aangehaal word om eie standpunte te ondersteun nie.

Die Reformatore was eintlik reeds goed bewus hiervan. Hulle kon byvoorbeeld onderskei tussen morele, seremoniële en burgerlike wette in die Ou Testament en kon genuanseerd dink oor wat wél en wat nié meer op ons van toepassing is nie. Neem die voorbeeld van offers. Ons is nie meer verplig om diere te offer of om presiese tiendes te gee nie, maar ons is wel verplig om onself tot 'n lewende offer aan God te wy en ook na ons vermoë by te dra vir die verkondiging van die evangelie en die instandhouding van die erediens.

Daar is 'n verskil tussen God se algemene gebod en die konkrete, tydsgebonde toepassing daarvan. Ons moet hierdie verskil eerbiedig. Die geboie van die Skrif het blywende betekenis vir die kerk van alle tye. Maar ons moet kan raaksien wanneer wetgewing byvoorbeeld kultuurspesifiek was. In Bybelse tye het die mense geleef in voor-industriële kulture.

Verhoudinge was toe baie anders as wat dit vandag is in tegnies-gevorderde kulture. Hoe meer gekompliseerd die kultuur word waarin die kerk leef, hoe minder reglynig kan die "Skrifberoep in etiese sake" ook gedoen word. Daar is baie dinge in ons leefwêreld waaroor die Skrif nie 'n duidelike uitspraak lewer nie. Soms het kwessies in ons tyd vorme en afmetinge aangeneem wat nie binne die visier van die Bybelskrywers geval het nie. Oorlog is 'n goeie voorbeeld. Ook die moderne ekonomie, die wetenskap, politiek, staat, huwelik en gesin.

Die Skrif was oorspronklik gerig aan mense in 'n ander kulturele situasie as ons. Gehoorsaamheid aan die Skrif beteken nie dat ons vanuit ons eie tyd moet terugkeer na die kultuurfase van die mense in die tyd van die Bybel nie. Dit beteken wel dat ons ons deur die Skrif laat leer wat die wil van God vir die lewe in alle kulturele fases is.

Die Bybel bevat dus nie 'n voorskrif oor elke moontlike saak wat in ons moderne wêreld mag opduik nie. Die Bybel bied wel leidende motiewe, algemene gesigspunte, teologiese koördinate, vaste bakens in die see waaraan ons onself kan oriënteer.

Onder hierdie algemene riglyne is daar die dubbelgebod van die liefde en die Tien Geboeie met die verdieping daarvan in die Bergrede. Daar is die normatiewe gesigspunte wat gegee is met die skepping, en daar is die lig wat val vanuit die herskepping in Christus, met die eis van selfverloëning en kruisdra. Daar is die apostoliese vermaninge en die beskrywing van die vrug van die Gees. So kan 'n mens voortgaan.

Die totale boodskap van die Skrif het 'n sedelike kant met normatiewe betekenis. Al vind ons nie voorskrifte oor elke moontlike moderne saak nie, word ons tog wel op 'n ryke wyse ingelig oor die wil van God vir ons hele lewe.

Ons moet ook in die geloofsgemeenskap onderskeidend luister na die insette van kundiges en wetenskaplik-geskooldes uit verskillende dissiplines, sodat dit presies duidelik kan wees waaroor 'n vraagstelling gaan.

Hoe ingewikkeld ons probleme ook al is - wanneer ons, soos die Sinode van 2011 oortuig was, in gesprek met mekaar daaroor bly en bid dat ons liefde sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling om die dinge te onderskei waarop dit werklik aankom (Fil 1:9-10), sal ons in die lig van die Skrif die rigting kan peil waarin ons die oplossing moet soek.

# Notas